NG Kerk Randburg

groei. behoort. dien

Kantoor 011 - 789 2428; ngrburg@mweb.co.za
Ds Servaas de Kock 082 552 5093; ds.sdek@mweb.co.za
Ds Rian Steenkamp 083 700 3567; steenkampc747@gmail.com
http://www.ngrandburg.org / facebook.com/ngkerkrandburg

8 September 2019

VANDAG

1. **Erediens:** Ds Servaas de Kock. **Filemon 1 - 21.** *Skoene ruil … en liefde laat werk!*
2. **Kleuterkerk** (3-6jr) in die Koffiekroeg en **Kleinkerk** (Gr 1-2) in die sysaal tydens die diens.
3. **Kategese:** Gr 3-4 (Kamer 1), Gr 5–6 (Kamer 2), Gr 7–9 (Konsistorie), Gr 10-11 (Afdak).
4. **Welkom! Nuwe lidmate** meld na die erediens by die kombuistoonbank aan.
5. **Omgeegroepe** soos deur leiers gereël.

DIE GEMEENTE SE LEWE

1. **Program vir die volgende weke**

8 Sep	Omgeegroepe
15 Sep	Kleuterkerk koekverkoping

2. **Kontakweek:** Persoonlike kontak met alle lidmate bly een van die gemeente se prioriteite. Randburg is steeds ernstig oor verhoudings en is voortdurend met inisiatiewe besig om dit te versterk – enersyds tussen lidmate en geestelike leiers en andersyds tussen lidmate met mekaar. Met Kontakweke een keer per maand – of ten minste 3 per kwartaal sal wyks- en sorgleiers poog om met lidmate op die manier wat hulle as voorkeur aangedui het kontak te maak. Dié kontak fokus spesifiek op verhoudings en om belangrike inligting oor te dra. 'n Kontak-gesprek sal elke keer beskikbaar gestel word. Die eerste week begin vandag. Die aksie is maar in kinderskoene maar ons glo daar sal baie positiewe ervarings in die week wees.

INSPIRASIEDAG – SATERDAG 14 SEPTEMBER

NOOIT TERUG … ALTYD VORENTOE!



Pieter de Villiers wy sy lewe daaraan om mense in 'n wêreld met baie eise, *te bemagtig* om die uitdagings van *balans, vrede, sukses, geluk en vervulling* te bemeester. Sy passie is om mense te laat kies vir 'n lewe *met 'n positiewe toekoms in gedagte* – EN SINVOL DAARVOOR TE LEEF. 'n *Oggend van inspirasie om te leef vir elkeen* – ongeag ouderdom of omstandighede. Nooi soveel as moontlik vriende en familie. Gaan lees meer by *pieterdevilliers.co.za.* Geen koste verbonde nie. Net getalle nodig vir teetyd.

GOEIE WENSE AAN ALMAL WAT VERJAAR

10/09 Rozelle Kalis
11/09 Elriena Delport, Colleen Greeff, Marlène Pretorius
12/09 Johan Kemp, Linda Laubscher, Tharien van den Berg, Jurgie Wagener
13/09 Johan Dürr, Anna-Mariè Kruger, Charlene Oesch, Jessica Verrynne
14/09 Kallie Koortz, Lorraine Vorster

ONS DEEL IN MEKAAR SE LEWENS

1. **Bejaardes en chroniese siekes: Anna Breytenbach** (011 787 6765), **Marietjie Erasmus** (083 575 1965), **Marie Kruger** (079 308 5281), **Rina Vogel** (076 313 3817), **Dolf van den Berg** (011 886 0843), **Sannie van Dyk** (011 475 0271), **Alida Richard** (072 194 3178), **Neels en Hyla Dannhauser** (011 793 2559), **Beth Spies** (011 787 2109), **Francois Lotriet** (084 512 5171), **Annette van Heyningen** (074 298 3338), **Hennie van der Schyff** (082 457 8871) en **Johan Kemp** (072 085 1222).
2. **Operasies en gesondheidsprobleme:**
   - **Susan Beck** (082 851 6234) herstel tuis na 'n baie groot rugoperasie.
   - **Neels Dannhauser** (011 793 2559) herstel tuis na behandeling.
   - **Alta van Niekerk** (082 774 1464) ontvang steeds chemo-terapie.
   - **Rita de Lange** (083 415 5655) se dogter **Sloan** ontvang steeds intensiewe behandeling.
   - **Kosie en Christine Loots** (083 654 7678) se seun **Henno** is chroniese siek met 'n lewerkwaal.

KERSKARDOESE 2019

Die projek is hier! Lidmate kan moontlike begunstigdes nomineer. Ons wil fokus op individue en groepe wat op 'n manier nie deel is van die "*hoofstroom*" nie – en vir wie 'n kardoes 'n baie groot verskil sal maak. TUTELA se gesinne, Emmers Vol Liefde se bejaardes en kinders en Randburg en Sharonlea se Help die Kind is reeds deel van die groep. Kontak ds Servaas of die kerkkantoor **voor 22 September** indien daar moontlike begunstigdes is wat in die projek opgeneem kan word. Die Vroue-koeverte het R 7 400 en die Wynveiling net kort van R 100 000 tot die projek bygedra.

KATEGESEPROGRAM



Datum	Gr 1 - 11
8 Sep	Lesdag 7
15 Sep	Projekdag

GEBEDSBEDIENING

'n **WhatsApp-groep** is geskep om sake aan gebedsvennote bekend te maak. Versoeke kan spesifiek-persoonlik of selfs anoniem wees. Alle **versoeke** moet aan Mynhardt Kapp gestuur word: of SMS aan 082 570 4309. **Gebedskandelare** teen die muur langs die groot ingangsdeure bied ruimte vir lidmate wat 'n *dankie- of asseblief-kers* wil opsteek.

WOORDGESPREK

- Vir Bybelstudie, omgeegroepe en huisgeloof -

NG KERK RANDBURG

Week van 8 September – Filemon 1 - 21

Stil word en aanbidding: Dink bietjie oor die week. Deel met mekaar julle vreugdes en vrese van die afgelope week. Waarvoor is jy dankbaar? Wat was vir jou moeilik? Lees Psalm 139 : 1-6, 13-16 as 'n gebed. Dink na oor wie jy is in God se oë. En onthou, God kyk so na elke mens wat jou pad kruis.

Woord: Die brief aan Filemon is Paulus se kortste brief – die Griekse weergawe bevat net 335 woorde. Die brief is geskryf tussen 55 en 61 n.C. terwyl Paulus in die tronk was. Alhoewel Paulus eintlik bekommerd moes wees oor sy eie omstandighede, is hy meer bekommerd oor die slaaf, Onesimus en sy verhouding met sy eienaar, Filemon. In die Grieks-Romeinse wêreld kon byna enige iemand 'n slaaf word. Tussen 35 en 40% van die totale bevolking was slawe. Slawe het geen regte gehad nie, kon gekoop of verkoop word, kon mishandel word na die goeddunke van die eienaar en 'n slaaf wat weggeloop het, kon wettiglik deur die eienaar doodgemaak word. Filemon was waarskynlik 'n kerkleier in die gemeente van Kolosse. Dit is duidelik uit die brief dat Filemon en Paulus mekaar goed geken het. Paulus dit duidelik dat die brief bedoel is vir die hele gemeente. Lees nou hierdie baie persoonlike brief se 21 verse.

Gesprek:

1. Vergelyk vers 1 en vers 17. Wat is betekenisvol daaraan?
2. Wat leer ons oor vergifnis en versoening in die brief? Het iemand al iets aan jou gedoen wat jy sukkel om te vergewe? Noem voorbeelde van dinge wat ons sukkel om te vergewe.
3. Wat gebeur met jou wanneer jy 'n '*grudge*' teen iemand het? Waarom dink jy moet Jesus-volgelinge ander vergewe?
4. Wat hoor ons in vers 19b oor die rede waarom ons moet vergewe?
5. Vertel van 'n keer waar jy ervaar of gesien het hoe liefde en vergifnis verhoudings verander het.
6. Hoe word Filemon en Onesimus se status verander? Watter lesse kan ons hieruit leer oor die ongelykheid wat daar in ons land tussen mense bestaan? En watter reaksie vra dit van ons?
7. Dink en gesels oor die stelling: *Hierdie teks breek deur die sagte sappige oppervlak van "ek is lief vir Jesus en Hy is lief vir my" en roep ons op tot 'n radikale nuwe menswaardigheid. Die brief aan Filemon beur verby die snoesige gemeenskap van eendersheid en vra 'n waagmoedige omhelsing van "die ander".*

Om te doen: As jy iemand moet vergewe, moenie uitstel nie! Doen dit hierdie week nog! En om vergifnis te vra, beteken soms dat jy bereid moet wees om reg te maak wat die verhouding in die eerste plek seergemaak het. Moet dit ook nie uitstel nie!

Afsluiting: Bely in die volgende week elke oggend en aand 1 Kor. 9:23 se waarheid: "*Dit alles doen ek ter wille van die evangelie, sodat ek aan die vrug daarvan deel kan hê*."

BYBELPROJEK

Die kerkraad stel Bybels teen 'n **subsidie-prys van R50** beskikbaar vir verspreiding deur lidmate. Lidmate kan spesifiek bydra tot hierdie subsidie-fonds maar word ook opgeroep om voortdurend bewus te wees van geleenthede waar hierdie "*goedkoper*" Bybels aan **verskillende groepe mense versprei kan word.** Verskeie vertalings is beskikbaar. Kontak vir Zelda Hertz (082 873 6458).

BANK- EN BETALINGSBESONDERHEDE

Meld asb rede vir inbetalings as verwysing:

NG Gemeente Randburg
ABSA Randburg
Kode 505 705
Tjek rek nr: 0170580001

Gebruik SnapScan vir enige betaling aan die gemeente.

Laai die toepassing (app) met die selfoon se *App Store* af of besoek www.GetSnapScan.co.za tuisblad.

SNUFFELGIDS

1. **Loodgieter/Nutsman:** Vir spoedige en deskundige diens. Skakel vir Gerhard (073 248 1513).
2. **Zeek's Artisan Food:** Voorbereide etes – "*druk-in-die-oond-wonders*" soos lasagne, geroosterde hoenderpastei, herderspastei, macaroni en kaas, sosaties, fees-skinkborde met verskeidenheid lekkernye. Spesiale feesbrode met GMO vrye meel. Siegfried – 082 448 9534.
3. **Herstelwerk:** Enige bestaande of nuwe huise/besighede, verbeteringe, herstel en opknappingswerk. Ons doen ook elektriese installasies, loodgieterswerk, palissades en motorhuisdeure. Skakel Marius by 082 481 4863 vir verdere navrae.
4. **Just Bee-Coz Creations:** Kontak ons gerus vir enige funksie se dekor. Van troukaartjies tot kinderpartytjies. Geskenkies en vele meer. Anna Meeding - 079 494 6155.
5. **Koop jy huis? Doen jy veranderinge aan jou huis?** Dan het jy hierdie boek nodig. Alles wat jy moet weet! Kontak Albert van Wyk - 083 375 6789 of www.proudhomeowner.co.za.
6. **Piet Skoenmaker:** Bring skoene op 'n Sondag en kry volgende Sondag terug. Hak (Dames - R30. Mans R50). Sool (Dames -R50. Mans R75). Stikwerk (*stitching*) - R50. Bring skoene in sak met instruksies/versoek, kontant en telefoonnommer. Navrae en inligting by die kerkkantoor.
7. **Dringend gesoek:** Enige afval of oortollige lappe vir ons Donderdag naaldwerkgroep. Maar nie laslappies nie. Bring asb na kerkkantoor.
8. **Herstel en diens** van motors en bakkies. Afgetrede werktuigkundige. Basil - 078 165 4808.
9. **Te koop:** 3m Boog tent met voortent met grondseile vir R5 500. Basil -078 165 4808.
10. **Rekenkundige dienste en belasting praktisyn:** Wye verskeidenheid funksies beskikbaar. Skakel 079 383 6184 of e-pos: dspringle@mweb.co.za.
11. **Te huur:** Moderne ruim tuin woonstel vir R6 950 pm, eie parkering, veilig, swembad, internet. Sentraal geleë, ten volle gemeubileer. Kontak 082 920 6163 vir navrae.
12. **Ekstra Wiskunde klasse:** Martha Straat (Noord), Moret, Randburg. Kan enige graad help van Gr. 1 - 12. Afrikaans of Engels. R250 per uur, per kind. Ria van den Tillaard, 072 202 7563.